JOHN K. WALTON en A. WILCOX (reds.)
*Low life and moral improvement in Mid-Victorian England; Liverpool through the journalism of Hugh Shimmin*
Leicester/Londen/New York: Leicester University Press
1991
254 pp.
R196,95 (eksklusief)
ISBN 0-7185-1351-7

Hierdie werk bevat 'n verteenwoordigende seleksie van artikels uit die pen van die 19de-eeuse joernalis, Hugh Shimmin, redakteur en eienaar van die Liverpoolse *Porcupine,* 'n satiriese weekblad. Te danke aan die redakteurs (Walton en Wilcox) se ondernemingsgees is waardevolle kultuurhistoriese gegewens oor die mid-Victoriaanse leefwêreld in Liverpool, Engeland, nou vir die eerste keer deeglik ontsluit en vrylik beskikbaar vir studente en ander belangstellendes in die Victoriaanse era.

Wat hierdie werk so merkwaardig maak, is die feit dat Shimmin - wat in 1860 redakteur van die *Porcupine* geword het - eerstehands kennis gedra het van die haglike lewensomstandighede van die werkersklas. Hy was self 'n produk van die agterstrate van Liverpool waar hy van kindsbeen af gekonfronteer is met die sanitêre en sosiale probleme wat daarmee geassosieer is. En dit is dan juis hierdie dinge wat met felheid en onverdoeselde eerlikheid in sy werk na vore kom: die Liverpoolse skemerwêreld waar drankmisbruik, misdaad en dobbelary hoogty gevier het.

Shimmin se skrywersloopbaan het begin met 'n aantal sketse in die *Liverpool Mercury* en die *Liverpool Albion.* Maar die keerpunt in sy joernalistieke loopbaan het gekom met 'n reeks artikels wat hy tussen 1855 en 1856 in die *Liverpool Mercury* gepubliseer het en wat kort daarna in boekvorm gepubliseer is: *Liverpool life: its pleasures, practices and pastimes.* "The descriptions of back-street amusements, drinking dives, music halls, popular blood sports, and dens of iniquity and vice in general, stirred up a considerable controversy. Critics urged that it was better to leave these pleasures and practices unmentioned than to risk corrupting additional people by making their existence known" (p. 8).

Uit hierdie reaksie blyk duidelik die skynheiligheid van die Victoriaanse tyd - 'n kenmerk van daardie spesifieke oorgangstyd in die geskiedenis. Die skynheilighied is gekenmerk deur morele pretensie, konformisme en ontwyking van die onaangename en onaanvaarbare. Meer as een Victoriaan het sy tydgenote openlik aangeraai om nie hulle twyfel te beveg nie, maar om dit te onderdruk deur blote negering. Beatrice Webb het byvoorbeeld in 1883 die volgende inskrywing in haar dagboek gemaak: "Even if the instinctive faith in a mysterious goodness is a fiction of the mind, would it not on the whole be happier to live by the light of this delusion, and blind oneself wilfully to the awful vision of unmeaning misery?"

En dit was juis hierdie ingesteldheid wat Shimmin die nek wou inslaan deur die ware lewensomstandighede van die laer klasse te ontmasker. Wat Shimmin se werk so uitsonderlik maak, is dat hy, anders as die meeste ander sosiale kommentators van dié tyd, nie bloot beskrywend en sonder begrip sy waarnemings geboekstaaf het nie - empatie met die agterbuurtbewoners is duidelik in sy artikels waarneembaar. Shimmin het hulle nie as 'n afsonderlike "ras" beskou, soos wat Henry Mayhew, 'n ander bekende sosiale kommentator, geneig was om te doen nie.

Shimmin se versamelde artikels is in vier hoofstukke ingedeel, naamlik "Low life: drink and entertainment", "Low life: home, family and neighbourhood, "Moral improvement: housing, health and local government" en "Moral improvement: the institutions of improvement". Artikels met betekenisvolle opskrifte soos "An hour in a grog shop", "The dog fight", "Driven from home", "The courts and alleys of Liverpool" en "The Street Boys' Concert Admission, One Penny" bied aan die historikus 'n blik op en interpretasie van die Liverpoollewe in mid-Victoriaanse Engeland wat andersins in die vergetelheid sou geraak het.

Die wetenskaplike waarde van die publikasie word aansienlik verhoog deur 'n omvattende inleiding met biografiese gegewens oor Shimmin en vergelykende kommentaar oor sy werk; toeligtende voetnote en 'n indeks. 'n Afsonderlike bibliografie sou egter die boek se naslaanwaarde verhoog het.

Ten spyte van die lae wisselkoers wat tans heers, is veertig pond myns insiens te veel vir 'n publikasie wat mank gaan aan illustrasies en 'n stofomslag. Die buitensporige hoë prys regverdig sekerlik uitnemende illustratiewe materiaal en 'n keurige stofomslag van hoë kwaliteit. Verder plaas die prys van die boek 'n beperking op die geïnteresseerde leser en sal moontlik daartoe lei dat slegs enkele biblioteke en ander instansies die aankoop daarvan sal oorweeg.

Hierdie is 'n insiggewende publikasie wat met vrug gebruik kan word deur navorsers en diegene wat in die sosiale geskiedenis belang stel.

E.E. PRETORIUS
*Universiteit van Pretoria*